



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2019

REKENINGKUNDE V2

PUNTE: 150

TYD: 2 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 'n antwoordeboek van 11 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies deeglik en voer dit noukeurig uit.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin ALLE vrae gedoen moet word.
3. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of swart/blou ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Waar van toepassing, maak alle berekeninge korrek tot EEN desimale plek.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as gids vir die beantwoording van die vraestel. Probeer om NIE hiervan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 35 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Bank en Krediteure- rekonsiliasies	• Bankrekonsiliasie • Krediteurerekonsiliasie
VRAAG 2: 45 punte; 40 minute	
Koste-berekeninge	• Vervaardigingsbegrippe • Grootboekrekening van Koste-berekeninge • Berekening van Eenheidskoste en Gelykbreek • Interne Beheer
VRAAG 3: 50 punte; 40 minute	
Kontantbegroting en Bateverkope	• Begrippe • Berekeninge • Bateverkope
VRAAG 4: 20 punte; 15 minute	
Finansiële aanwysers en Bedryfskapitaal	• Ontleding • Interpretasie van Finansiële state

VRAAG 1: BANKREKONSILIASIE EN KREDITEUREREKONSILIASIE**(35 punte; 25 minute)****1.1 BANKREKONSILIASIE**

Jy word voorsien van inligting uit die rekeningkundige rekords van Lin Handelaars.

GEVRA:

1.1.1 Gee TWEE redes waarom 'n Bankrekonsiliasie as 'n interne beheermaatreël opgestel moet word. (2)

1.1.2 Verduidelik watter aanpassings aan die syfers in die finansiële state op 30 Junie 2019, einde van die finansiële jaar, gemaak moet word in verband met die vooruitgedateerde tjeks uitgereik. Verwys na die Bankrekonsiliasie-staat vir Junie 2019. Voorsien werklike syfers in jou antwoord. (4)

1.1.3 Bestudeer die gegewe items in inligting A en B. Toon aan of die items aangeteken sal word in die:

- Kontantontvangstejoernaal
- Kontantbetalingsjoernaal
- Of geen inskrywing word in die joernale gemaak nie. Plaas 'n X in die voorsiende kolom om dit aan te dui.

Toon die bedrag wat in die toepaslike joernaal aangeteken sal word. (Die eerste item is vir jou gedoen.) (9)

1.1.4 Voltooi die Bankrekonsiliasiestaat op 31 Julie 2019. (7)

1.1.5 Gedurende Augustus 2019 het die interne ouditeur ontdek dat die uitstaande deposito van R20 500 in die Bankrekonsiliasiestaat op 31 Julie 2019, as R5 500 op die Bankstaat (Item 3) verskyn. Die bedrag in die Bankstaat is korrek. Noem EEN bekommernis wat jy as interne ouditeur het. Gee EEN gepaste beheermaatreël om te voorkom dat dit in die toekoms weer kan gebeur. Verduidelik volledig. (3)

A. INLIGTING:**Bankrekonsiliasiestaat van Lin Handelaars op 30 Junie 2019.**

Dt. Saldo volgens Bankstaat	3 700
Dt. Saldo volgens Bankrekening	2 000
Uitstaande deposito (30 Junie 2019)	18 200
Uitstaande tjeks	
Nr. 1329 (gedateer 12 Januarie 2019)	2 100
Nr. 1596 (gedateer 16 Augustus 2019)	7 000
Nr. 1632 (gedateer 31 Julie 2019)	3 400

- B.** Nadat die Bankstaat vir Julie vergelyk is met die Kontantontvangstejoernaal en die Kontantbetalingsjoernaal vir Julie, is die volgende verskille opgemerk:

- Item 1** Die bankstaat toon 'n batige saldo van R21 370 op 31 Julie 2019.
- Item 2** 'n Deposito van R18 200 verskyn op die bankstaat op 1 Julie 2019, maar nie in die joernale vir Julie 2019 nie.
- Item 3** 'n Deposito van R20 500, gedateer 10 Julie 2019 verskyn in die Kontantontvangstejoernaal vir Julie 2019, maar nie op die bankstaat vir Julie 2019 nie.
- Item 4** 'n EFO van R5 300 vir huur ontvang van T Mbutu verskyn slegs op die bankstaat.
- Item 5** R1 450 vir bankkoste verskyn op die bankstaat, maar nie in die joernale vir Julie 2019 nie.
- Item 6** Die bankstaat toon 'n geweierde tjek vir R720. Hierdie tjek is van 'n debiteur, ter vereffening van 'n skuld van R770 ontvang.
- Item 7** Tjek nr. 1329, uitgereik as 'n donasie aan Little Hands Speelskool, is met tjek nr. 1640 vervang, op 25 Julie 2019. Die donasie is vermeerder met R400. Die tjek is op 1 Augustus 2019 by die speelskool afgelewer. Geen inskrywings is gemaak nie.
- Item 8** Tjek nr. 1632, gedateer 31 Julie 2019, verskyn op die bankstaat, maar nie in die joernale vir Julie 2019 nie.
- Item 9** Tjek nr. 1690 vir R6 100, gedateer 28 Julie 2019, verskyn in die Kontantbetalingsjoernaal, maar nie op die bankstaat nie

1.2 KREDITEUREREKONSILIASIE

Die volgende inligting is uit die boeke van Naidoo Handelaars geneem. Die Krediteurekontrolerekening en die Lys van Krediteure is deur 'n onervare boekhouer voltooi.

GEVRA:

- 1.2.1 Waarom moet die saldo van die Krediteurekontrolerekening met die totaal van die Lys van Krediteure ooreenstem? (2)
- 1.2.2 Bereken die korrekte saldo's van die Krediteurekontrolerekening en die Lys van Krediteure. (8)

INLIGTING:

Nadat inligting aan die einde van Julie 2019 bestudeer is, het die volgende na vore gekom:

- (a) Saldo van Krediteurekontrole, R49 560
Totaal van Lys van Krediteure, R36 410
- (b) Die totaal van die Lys van Krediteure is R520 te veel, a.g.v. 'n optelfout.
- (c) 'n Faktuur vir die aankoop van verbruiksgoedere van DJ Handelaars, R3 160, is nie in die joernale aangeteken nie.
- (d) Handelsvoorraad ter waarde van R690 wat teruggestuur is aan Devine Bpk., is korrek aangeteken in die Krediteureafslagjoernaal. Die bedrag is verkeerdelik as R960 na die rekening van Devine Bpk oorgeboek.
- (e) Die totaal van die Krediteurekontrolekolom in die Kontantbetalingsjoernaal (KBJ) is R6 700. Die boekhouer het dit per ongeluk na die kredietkant van die Krediteurekontrolerekening oorgeboek.

VRAAG 2: VERVAARDIGING**(45 punte; 40 minute)**

4' **Oseane** Handelaars vervaardig sakke van organiese, herwinde materiaal.

4' Oseane Handelaars gebruik die **deurlopende** voorraadstelsel en 'n winsopslag van **100%** op kosprys.

GEVRA:

2.1 Kies die **omskrywing** in **KOLOM B** wat die beste by die **begrip** in **KOLOM A** pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Fabrieksbokoste	A	grondstowwe uitgereik aan die fabriek
2.1.2	Direkte arbeidskoste	B	pensioenbydraes vir die sekretaresse
2.1.3	Verkoops- en verspreidingskoste	C	lone vir werkers betrokke in die produksieproses
2.1.4	Administrasiekoste	D	oninbare skuld
		E	fabrieksvoorman se salaris

(4)

2.2 Bereken:

- Direkte materiaalkoste (4)
- Die korrekte Fabrieksbokoste (8)

2.3 Voltooi die **Goedere-in-Bewerkingrekening** in die Algemene Grootboek. (10)

2.4 Bereken die volgende:

2.4.1 Verkoopsprys per eenheid (3)

2.4.2 Koste van Verkope (3)

2.4.3 Veranderlike koste per eenheid (3)

2.4.4 Gelykbreekpunt (4)

2.5 **4'Oseane** Handelaars verwag dat die vraag in die volgende finansiële jaar tot 600 000 eenhede sal toeneem. Hulle beplan om die hoeveelheid eenhede geproduseer, te verhoog om in hierdie vraag te voorsien. Hulle verwag dat vaste koste onveranderd sal bly.

2.5.1 Verduidelik wat jy verstaan onder die term **gelykbreekpunt**. (2)

2.5.2 Verduidelik watter effek die bostaande besluit sal hê op die **vaste koste** per eenheid en die **gelykbreekpunt**. (4)

INLIGTING:

A.	Saldo's/totale op 30 Junie	2019	2018
	Grondstofvoorraad	92 400	78 900
	Goedere-in-bewerkingvoorraad	?	175 000
	Klaar produktevoorraad	759 000	542 000
	Fabrieksbokoste	362 790	
	Produksie-lone	990 000	

B. Aankope vir Grondstofvoorraad R553 500, sluit R40 000 in vir vraggeld op aankope.

C. R90 000 se produksie-lone is nie aangeteken nie.

D. Fabrieksbokoste is verkeerd bereken. Die volgende aansuiwerings moet nog in berekening gebring word:

- Waardevermindering op Fabrieksaanleg en Toerusting ter waarde van R84 030 is uitgelaat.
- Indirekte materiaal sluit grondstowwe ter waarde van R3 500 in wat vir die volgende finansiële jaar aangekoop is.
- Die Water en Elektrisiteitsrekening van R10 290 in die Fabrieksbokosterekening is verdeel in die verhouding 2 : 1 : 1 tussen die fabriek en die ander departemente. Die verhouding moes 4 : 2 : 1 gewees.

E.	EENHEDE GEPRODUSEER EN VERKOOP	Waarde	Eenhede
	Koste van Klaar produkte vervaardig	R1 872 000	374 400
	Verkope (wingsgrens = 100% op kosprys)	R3 564 000	396 000

F.	KOSTE EN GELYKBREEK	
	Vaste koste	R682 500
	Veranderlike koste	R2 059 200
	Administrasiekoste	R250 500
	Verkoops- en verspreidingskoste	?
	Gelykbreekpunt	?

VRAAG 3: KONTANTBEGROTING EN VASTE BATES (50 punte; 40 minute)**3.1 KONTANTBEGROTING**

Jy word voorsien van die Kontantbegroting van Zizi Handelaars vir die drie maande geëindig 31 Desember 2019. Die eienaar is EmmaLee Zizi.

GEVRA:

- 3.1.1 Verduidelik waarom 'n besigheid elke jaar 'n Kontantbegroting moet opstel. (2)
- 3.1.2 Bereken die verwagte ontvangstes van debiteure vir November 2019. (5)
- 3.1.3 Bereken die syfers soos aangedui deur A–E in die Kontantbegroting. (5)
- 3.1.4 Vanaf 1 November 2019 het die huurinkomste met 8% verhoog. Bereken die bedrag vir huurinkomste vir November 2019. (3)
- 3.1.5 Dink jy EmmaLee se kapitaalbydrae in November is genoeg om hierdie besigheid aan die gang te hou? Verskaf EEN rede, met syfers om jou antwoord te ondersteun. (3)
- 3.1.6 Verwys na die salarisse en lone in die Kontantbegroting.
- Bereken die persentasie verhoging toegestaan aan die werkers vanaf 1 November 2019. (3)
 - Dink jy die werkers sal met hierdie verhoging tevrede wees? Verduidelik kortliks. (2)
- 3.1.7 As interne ouditeur ontdek jy dat die werklike voertuiguitgawes vir Desember 2019 R5 420 was. Verskaf TWEE punte wat jy in jou interne ouditeursverslag aan EmmaLee sal insluit. (4)
- 3.1.8 Op 30 November 2019 sal 'n nuwe voertuig ter waarde van R139 500 aangekoop word. Die besigheid sal 'n deposito van 20% betaal en die balans sal deur Oosbank gefinansier word. EmmaLee sal die kapitaalgedeelte in gelyke maandelikse paaielemente oor drie jaar, vanaf 30 Desember 2019 aan Oosbank terugbetaal. Rente sal maandeliks aan Oosbank betaal word teen 'n rentekoers van 11% per jaar op die uitstaande saldo.
- Bereken die rente betaalbaar aan Oosbank in Desember 2019. (4)
 - Bereken die maandelikse terugbetalings van die kapitaalgedeelte van die lening, aan Oosbank. (3)

INLIGTING:

LET WEL: Nie alle bedrae word hieronder aangetoon nie.

UITTREKSEL UIT DIE KONTANTBEGROTING			
	2019 Oktober	2019 November	2019 Desember
VERWAGTE ONTVANGSTES			
Kontantverkope (75% van totale verkope)	225 000	112 500	112 500
Debiteure (30 dae minus 5%)	47 500	?	35 625
Huurinkomste	9 000	?	?
Rente op vaste deposito		?	?
Kapitaal		150 000	
	291 000	355 000	158 245
VERWAGTE BETALINGS			
Onttrekkings	17 500	12 500	12 500
Voertuiguitgawes	4 000	4 000	4 000
Vaste deposito		60 000	
Deposito op voertuig aangekoop		?	
Maandelikse terugbetalings aan Oosbank			?
Rente betaal aan Oosbank			?
Salarisse en lone	105 000	109 200	109 200
	240 000	310 000	390 000
Kontantsurplus/ -tekort	51 000	45 000	C
Kontant aan die begin van die maand	72 000	A	D
Kontant aan die einde van die maand	123 000	B	E

3.2 VASTE BATES

Die inligting hieronder is uit die rekeningkundige rekords van Max Beperk op 28 Februarie 2019 geneem.

GEVRA:

Verwys na inligting A:

3.2.1 Voltooi die Bateverkoperekening om die kontantverkope van die voertuig op 31 Desember 2018 aan te teken. (6)

3.2.2 Bereken die ontbrekende syfers (aangedui deur *) in die Nota vir Vaste Bates. (10)

INLIGTING A:

A Nota tot Balansstaat op 28 Februarie 2019.

VASTE/TASBARE BATES	Grond en geboue	Voertuie	Toerusting
Drawaarde aan begin van die jaar	*	330 000	435 000
Kosprys	*	900 000	615 000
Opgehoopte waardevermindering	0	(570 000)	*
Bewegings			
Toevoegings teen kosprys	230 000	*	300 000
Bateverkope teen drawaarde	0	(72 000)	0
Waardevermindering	0	(64 000)	*
Drawaarde aan einde van die jaar	1 580 000	500 000	*
Kosprys	1 580 000	1 076 000	*
Opgehoopte waardevermindering	0	*	(270 000)

VRAAG 4: FINANSIËLE AANWYSERS EN BEDRYFSKAPITAAL**(20 punte; 15 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Tanda Handelaars vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019. Die vennote is A Tanya en P Daniel.

GEVRA:

4.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir 2019:

4.1.1 Bruto winspersentasie op koste van verkope (winsopslag %) (4)

4.1.2 Gemiddelde omsetsnelheid van voorraad (4)

4.1.3 Debiteure-invorderingstermyn in dae (6)

4.2 Lewer kommentaar op die winsgewendheid van die besigheid vir hierdie finansiële jaar. Gee TWEE redes waarom hulle dalk nie hul beplande winsopslag van 50% bereik het nie. (2)

4.3 Die boekhouer is tevrede dat die besigheid se likiditeit verbeter het en daar is geld om hul korttermynverpligtinge na te kom. Noem TWEE aanwysers, met syfers, om dit te bewys. (4)

INLIGTING:**Saldo's van Grootboekrekeninge en ander inligting:**

	2019	2018
Debiteurekontrole	153 800	156 200
Handelsvoorraad	368 000	392 000
Verkope (50% van verkope is op krediet)	4 242 000	
Bruto wins	1 212 000	
Debiteure-invorderingstermyn	?	36 dae
Omsetsnelheid van voorraad	?	6 keer

20

TOTAAL: 150



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Naam:

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2019

**REKENINGKUNDE V2
ANTWOORDEBOEK**

VRAAG	MAKSIMUM PUNTE	PUNTE BEHAAL	GEMODEREERDE PUNTE
1	35		
2	45		
3	50		
4	20		
	150		



Hierdie antwoordeboek bestaan uit 11 bladsye.

VRAAG 1: BANKREKONSILIASIE EN KREDITEUREREKONSILIASIE

1.1.1 Gee TWEE redes waarom 'n Bankrekonsiliasie, as 'n interne beheer-maatreël opgestel moet word.

2

1.1.2 Verduidelik watter aanpassings aan die syfers in die finansiële state op 30 Junie 2019, einde van die finansiële jaar, gemaak moet word in verband met die vooruitgedateerde tjeks uitgereik. Verwys na die Bankrekonsiliasiestaat vir June 2019. Voorsien werklike syfers in jou antwoord.

4

1.1.3

ITEM	KOJ	KBJ	GEEN INSKRYWING
Item 1			X
Item 2			
Item 3			
Item 4			
Item 5			
Item 6			
Item 7			
Item 8			
Item 9			

9

1.1.4 Bankrekonsiliasiestaat op 31 Julie 2019

	Debiet	Krediet

7

1.1.5 Gedurende Augustus 2019 het die interne ouditeur ontdek dat die uitstaande deposito van R20 500 in die Bankrekonsiliasiestaat op 31 Julie 2019, as R5 500 op die Bankstaat (Item 3) verskyn. Die bedrag in die Bankstaat is korrek. Noem EEN bekommernis wat jy as interne ouditeur het. Gee EEN gepaste beheermaatreël om te voorkom dat dit in die toekoms weer kan gebeur. Verduidelik volledig.

BEKOMMERNIS	BEHEERMAATREËL

3

1.2.1	Waarom moet die saldo van die Krediteurekontrolerekening met die totaal van die Lys van Krediteure ooreenstem?

2

1.2.2	Bereken die korrekte saldo's van die Krediteurekontrolerekening en die Lys van Krediteure.																						
		<table border="1"> <thead> <tr> <th></th><th>Krediteure- kontrolle</th><th>Lys van Krediteure</th></tr> </thead> <tbody> <tr> <td>(a) Verkeerde saldo/totaal</td><td>49 560</td><td>36 410</td></tr> <tr> <td>(b)</td><td></td><td></td></tr> <tr> <td>(c)</td><td></td><td></td></tr> <tr> <td>(d)</td><td></td><td></td></tr> <tr> <td>(e)</td><td></td><td></td></tr> <tr> <td>Saldo/Totaal</td><td></td><td></td></tr> </tbody> </table>		Krediteure- kontrolle	Lys van Krediteure	(a) Verkeerde saldo/totaal	49 560	36 410	(b)			(c)			(d)			(e)			Saldo/Totaal		
	Krediteure- kontrolle	Lys van Krediteure																					
(a) Verkeerde saldo/totaal	49 560	36 410																					
(b)																							
(c)																							
(d)																							
(e)																							
Saldo/Totaal																							

8

35

VRAAG 2: VERVAARDIGING

2.1	Kies die omskrywing in KOLOM B wat die beste by die begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.															
	<table border="1"> <tr> <td>2.1.1</td> <td></td> </tr> <tr> <td>2.1.2</td> <td></td> </tr> <tr> <td>2.1.3</td> <td></td> </tr> <tr> <td>2.1.4</td> <td></td> </tr> </table>	2.1.1		2.1.2		2.1.3		2.1.4								
2.1.1																
2.1.2																
2.1.3																
2.1.4																
2.2	Bereken die Direkte materiaalkoste															
	Bereken die korrekte Fabrieksboekoste															
	<table border="1"> <tr> <td colspan="2">FABRIEKSBOKOSTE:</td> </tr> <tr> <td>Foutiewe fabrieksboekoste</td> <td>350 000</td> </tr> <tr> <td></td> <td></td> </tr> <tr> <td></td> <td></td> </tr> <tr> <td></td> <td></td> </tr> <tr> <td></td> <td></td> </tr> <tr> <td>Fabrieksboekoste vir die jaar</td> <td></td> </tr> </table>		FABRIEKSBOKOSTE:		Foutiewe fabrieksboekoste	350 000									Fabrieksboekoste vir die jaar	
FABRIEKSBOKOSTE:																
Foutiewe fabrieksboekoste	350 000															
Fabrieksboekoste vir die jaar																

4

4

8

2.3

ALGEMENE GROOTBOEK VAN 4'OSEANE HANDELAARS GOEDERE-IN-BEWERKINGREKENING

[illegible]

10

2.4	Bereken die volgende:
2.4.1	Verkoopsprys per eenheid:
2.4.2	Koste van verkope:
2.4.3	Veranderlike koste per eenheid:
2.4.4	Gelykbreekpunt:

3

3

3

4

2.5	4'Oseane Handelaars verwag dat die vraag in die volgende finansiële jaar tot 600 000 eenhede sal toeneem. Hulle beplan om die hoeveelheid eenhede geproduseer, te verhoog om in hierdie vraag te voorsien. Hulle verwag dat vaste koste onveranderd sal bly.
2.5.1	Verduidelik wat jy verstaan onder die term “ <i>gelykbreekpunt</i> ”.
2.5.2	Verduidelik watter effek die bostaande besluit op die vaste koste per eenheid en die gelykbreekpunt sal hê.

VASTE KOSTE PER EENHEID:

GELYKBREEKPUNT:

VRAAG 3: KONTANTBEGROTING EN VASTE BATES

3.1.1	Verduidelik waarom 'n besigheid elke jaar 'n Kontantbegroting moet opstel.	2
--------------	---	--

3.1.2	Bereken die verwagte ontvangstes van debiteure vir November 2019.	5
--------------	--	--

3.1.3	Bereken die syfers soos aangedui deur A–E in die Kontantbegroting.		5
	A		
	B		
	C		
	D		
	E		

3.1.4	Vanaf 1 November 2019 het die huurinkomste met 8% verhoog. Bereken die bedrag vir huurinkomste vir November 2019.	3
--------------	--	--

3.1.5	Dink jy EmmaLee se kapitaalbydrae in November 2019 is genoeg om hierdie besigheid aan die gang te hou? Veskaf EEN rede, met syfers om jou antwoord te ondersteun.	3
--------------	--	--

3.1.6	Bereken die persentasie verhoging toegestaan aan die werkers vanaf 1 November 2019. Dink jy die werkers sal tevrede wees met hierdie verhoging? Verduidelik kortliks.	5
3.1.7	As interne ouditeur ontdek jy dat die werklike voertuiguitgawes vir Desember 2019 R5 420 was. Verskaf TWEE punte wat jy in jou interne ouditeursverslag aan EmmaLee sal insluit.	4
3.1.8	Bereken die rente betaalbaar aan Oosbank in Desember 2019. Bereken die maandelikse terugbetalings van die kapitaalgedeelte van die lening, aan Oosbank.	7

3.2.1

BATEVERKOPE

2018 Des	31			2018 Des	31		

6

3.2.2 Nota tot Balansstaat op 28 Februarie 2019.

VASTE/TASBARE BATES	Grond en geboue	Voertuie	Toerusting
Drawaarde aan begin van die jaar		330 000	435 000
Kosprys		900 000	615 000
Opgehoopte waardevermindering	0	(570 000)	
Bewegings			
Toevoegings teen kosprys	230 000		300 000
Bateverkope teen drawaarde	0	(72 000)	0
Waardevermindering	0	(64 000)	
Drawaarde aan einde van die jaar	1 580 000	500 000	
Kosprys	1 580 000	1 076 000	
Opgehoopte waardevermindering	0		(270 000)

10

50

VRAAG 4: FINANSIËLE AANWYSERS EN BEDRYFSKAPITAAL

4.1.1	Bruto winspersentasie op koste van verkope (winsopslag %)	4
--------------	--	--

4.1.2	Gemiddelde omsetsnelheid van voorraad	4
--------------	--	--

4.1.3	Debiteure-invorderingstermyn in dae	6
--------------	--	--

4.2	Lewer kommentaar op die winsgewendheid van die besigheid vir hierdie finansiële jaar. Gee TWEE redes waarom hulle dalk nie hul beplande winsopslag van 50% bereik het nie.	2
------------	---	--

4.3	Die boekhouer is tevrede dat die besigheid se likiditeit verbeter het en daar is geld om hul korttermyn verpligtinge na te kom. Noem TWEE aanwysers, met syfers, om dit te bewys.	4
------------	--	--

20

TOTAAL: 150



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2019

REKENINGKUNDE V2 NASIENRIGLYN

PUNTE: 150

NASIENRIGLYNE:

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde item strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbel penalisering nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Vol punte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). LET WEL: waar bedrae op memo aangedui word as deel van bewerkings, word die metodepunt nie ook toegeken vir die finale antwoord nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
8. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
9. 'Bewerking' beteken 'kontroleer bewerking'. 'Een deel korrek' beteken 'Bewerking en een deel korrek'. LET WEL: Kontroleer bewerking beteken, dit moet +, –, x of ÷ wees volgens die kandidaat se antwoord.
10. In berekeninge moet punte nie toegeken word indien noemer en deler omgeruil is nie. – dit geld ook by verhoudings.
11. Waar metodepunte toegeken word, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie. In sulke gevalle moet die metodepunt nie toegeken word nie. Dui aan d.m.v. ☒.
12. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe buite die memorandum verskaf.
13. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

VRAAG 1

1.1.1	Gee TWEE redes waarom 'n Bankrekonsiliasie, as 'n interne beheermaatreël opgestel moet word. Twee redes ✓ ✓ • Te verseker dat alle kontanttransaksies korrek aangeteken is. • Om bedrieglike transaksies op te spoor. • Om foute en weglatings op te spoor. • Kennis te neem van uitstaande tjeks
--------------	---

2

1.1.2	Verduidelik watter aanpassings aan die syfers in die finansiële state op 30 Junie 2019, einde van die finansiële jaar, gemaak moet word in verband met die vooruitgedateerde tjeks uitgereik. Verwys na die Bankrekonsiliasiestaat vir June 2019. Voorsien werklike syfers in jou antwoord.
	▪ <u>Krediteurekontrole</u> ✓ saldo sal <u>toeneem met R10 400</u> ✓ ▪ <u>Bank</u> ✓ saldo sal <u>toeneem met R10 400</u> (tot R12 400) ✓

1.1.3	<table border="1" style="width: 100%;"> <thead> <tr> <th>ITEM</th> <th>KOJ</th> <th>KBJ</th> <th>GEEN INSKRYWING</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>Item 1</td> <td></td> <td></td> <td style="text-align: center;">X</td> </tr> <tr> <td>Item 2</td> <td></td> <td></td> <td style="text-align: center;">X ✓</td> </tr> <tr> <td>Item 3</td> <td></td> <td></td> <td style="text-align: center;">X ✓</td> </tr> <tr> <td>Item 4</td> <td style="text-align: center;">5 300 ✓</td> <td></td> <td></td> </tr> <tr> <td>Item 5</td> <td></td> <td style="text-align: center;">1 450 ✓</td> <td></td> </tr> <tr> <td>Item 6</td> <td></td> <td style="text-align: center;">720 ✓</td> <td></td> </tr> <tr> <td>Item 7</td> <td style="text-align: center;">2 100 ✓</td> <td style="text-align: center;">2 500 ✓</td> <td></td> </tr> <tr> <td>Item 8</td> <td></td> <td></td> <td style="text-align: center;">X ✓</td> </tr> <tr> <td>Item 9</td> <td></td> <td></td> <td style="text-align: center;">X ✓</td> </tr> </tbody> </table>	ITEM	KOJ	KBJ	GEEN INSKRYWING	Item 1			X	Item 2			X ✓	Item 3			X ✓	Item 4	5 300 ✓			Item 5		1 450 ✓		Item 6		720 ✓		Item 7	2 100 ✓	2 500 ✓		Item 8			X ✓	Item 9			X ✓
ITEM	KOJ	KBJ	GEEN INSKRYWING																																						
Item 1			X																																						
Item 2			X ✓																																						
Item 3			X ✓																																						
Item 4	5 300 ✓																																								
Item 5		1 450 ✓																																							
Item 6		720 ✓																																							
Item 7	2 100 ✓	2 500 ✓																																							
Item 8			X ✓																																						
Item 9			X ✓																																						

9

1.1.4 Bankrekonsiliasiestaat op 31 Julie 2019			
	Debiet	Krediet	
Kt saldo volgens Bankstaat		✓ 21 370	
Krediteer uitstaande deposito		✓ 20 500	
Debiteer uitstaande tjeks			
Nr. 1596	✓ 7 000		
Nr. 1640	✓ 2 500		
Nr. 1690	✓ 6 100		
Dt saldo volgens Bankrekening	✓ ☒ 26 270*		
	41 870	41 870	

*kontroleer bewerking

7

1.1.5 Gedurende Augustus 2019 het die interne ouditeur ontdek dat die uitstaande deposito van R20 500 in die Bankrekonsiliasiestaat op 31 Julie 2019, as R5 500 op die Bankstaat (Item 3) verskyn. Die bedrag in die Bankstaat is korrek. Noem EEN probleem wat jy as interne ouditeur het. Gee EEN gepaste beheermaatreël om te voorkom dat dit in die toekoms weer kan gebeur. Verduidelik volledig.	
EEN bekommernis ✓ en EEN oplossing ✓✓	
BEKOMMERNIS	BEHEERMAATREËL
- Die geld is dalk gesteel - Interne beheerprosesse is nie effektief nie - Dalk vind bedrog plaas / oorrol van kontant (rolling of cash)	- Vergelyk kwitansies vir kontant daaglik met depositostrokies om te sien of alle kontant ontvang gedeponeer is. - Stel interne beheerprosesse in plek – verdeling van pligte. Deposito's moet deur 'n assistent gekontroleer word. - Reël vir kennisgewings via SMS van die bank en kontroleer dit met die KOJ. Vir een punt: - Ondersoek depositostrokies noukeurig vir foute. - Verdeling van pligte.

3

1.2.1 **Waarom moet die saldo van die Krediteurekontrolerekening met die totaal van die Lys van Krediteure ooreenstem?**

Enige aanvaarbare antwoord ✓✓

- Dit is 'n interne beheermaatreël – die joernale se bedrae word oorgeboek na die Krediteurekontrolerekening en Krediteure grootboek.
- Die Krediteurekontrolerekening is 'n opsomming van al die transaksies rakende die krediteure en die Lys van Krediteure is die totaal van al die krediteure se saldo's.

2

1.2.2 **Bereken die korrekte saldo's van die Krediteurekontrolerekening en die Lys van Krediteure.**

	Krediteure- kontrolle	Lys van Krediteure
(a) Verkeerde saldo/totaal	49 560	36 410
(b)		- 520 ✓
(c)	+ 3 160 ✓	+ 3 160 ✓
(d)		+ 270 ✓✓
(e)	- 13 400 ✓✓ (- 6 700; - 6 700) Een punt elk	
Saldo/Totaal ☒	39 320	39 320

8

35

VRAAG 2

2.1	Kies die omskrywing in KOLOM B wat die beste by die begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.																
	2.1.1	E	✓														
	2.1.2	C	✓														
	2.1.3	D	✓														
	2.1.4	B	✓														
2.2	Bereken die Direkte materiaalkoste																
	$78\,900\checkmark + 553\,500\checkmark - 92\,400\checkmark = 540\,000\checkmark$																
	Bereken die korrekte Fabrieksboekoste																
	<table border="1"> <tr> <td colspan="2">FABRIEKSBOKOSTE:</td> </tr> <tr> <td>Foutiewe fabrieksboekoste</td> <td>350 000</td> </tr> <tr> <td>Waardevermindering</td> <td>✓ 84 030</td> </tr> <tr> <td>Indirekte materiaalkoste</td> <td>✓ (3 500)</td> </tr> <tr> <td>Water en elektrisiteit (bewerking, enige een deel korrek)</td> <td></td> </tr> <tr> <td> $(10\,290 / 2 \times 4) = R20\,580 / 7 \times 4 = R11\,760 - 10\,290$ </td> <td> $\checkmark \quad \checkmark \quad \checkmark \quad \checkmark$ </td> </tr> <tr> <td>Fabrieksboekoste vir die jaar</td> <td>✓432 000</td> </tr> </table>			FABRIEKSBOKOSTE:		Foutiewe fabrieksboekoste	350 000	Waardevermindering	✓ 84 030	Indirekte materiaalkoste	✓ (3 500)	Water en elektrisiteit (bewerking, enige een deel korrek)		$(10\,290 / 2 \times 4) = R20\,580 / 7 \times 4 = R11\,760 - 10\,290$	$\checkmark \quad \checkmark \quad \checkmark \quad \checkmark$	Fabrieksboekoste vir die jaar	✓432 000
FABRIEKSBOKOSTE:																	
Foutiewe fabrieksboekoste	350 000																
Waardevermindering	✓ 84 030																
Indirekte materiaalkoste	✓ (3 500)																
Water en elektrisiteit (bewerking, enige een deel korrek)																	
$(10\,290 / 2 \times 4) = R20\,580 / 7 \times 4 = R11\,760 - 10\,290$	$\checkmark \quad \checkmark \quad \checkmark \quad \checkmark$																
Fabrieksboekoste vir die jaar	✓432 000																

4

4

8

2.3

ALGEMENE GROOTBOEK VAN 4'OSEANE HANDELAARS GOEDERE-IN-BEWERKINGREKENING

	Saldo	a/b	175 000 ✓		Klaar produkte		1 872 000 ✓
	Direkte materiaalkoste ✓		540 000 ☒ (sien 2.2)		Saldo	o/b	355 000 ☒
	Direkte arbeid ✓		1 080 000 ✓✓				
	Fabrieksboekoste ✓		432 000 ☒ (sien 2.2)				
			2 227 000				2 227 000

10

2.4	Bereken die volgende:
2.4.1	Verkoopsprys per eenheid: $3\,564\,000 \checkmark \div 396\,000 \checkmark = 9 \checkmark$ (een deel korrek)
2.4.2	Koste van Verkope: $3\,564\,000 \checkmark \times \frac{100 \checkmark}{200} = 1\,782\,000 \checkmark$ (een deel korrek) Aanvaar ook: $Klaarprodukte: 542\,000 + 1\,872\,000 - 759\,000 = 1\,655\,000$
2.4.3	Veranderlike koste per eenheid: $2\,059\,200 \checkmark \div 374\,400 \checkmark = 5,50 \checkmark$ (een deel korrek)
2.4.4	Gelykbreekpunt: $\frac{682\,500 \checkmark}{(9 \checkmark \text{ (Sien 2.4.1)} - 5,50 \text{ (Sien 2.4.3)} \checkmark)} = \frac{682\,500}{3,50}$ $= 195\,000 \text{ eenhede} \checkmark$ (een deel korrek)

3

3

3

4

2.5	4'Oseane Handelaars verwag dat die vraag in die volgende finansiële jaar sal toeneem tot 600 000 eenhede. Hulle beplan om die hoeveelheid eenhede geproduseer, te verhoog om in hierdie vraag te voorsien. Hulle verwag dat vaste koste onveranderd sal bly.
-----	--

2.5.1	Verduidelik wat jy verstaan onder die term "gelykbreekpunt"
Geldige verduideliking ✓✓ - Die aantal eenhede wat verkoop moet word ✓ om die vaste koste te dek. Daarna sal die onderneming begin wins maak. ✓ - Die punt waar totale inkomste gelyk is aan totale uitgawes. ✓✓	

2

2.5.2	Verduidelik watter effek die bostaande besluit sal hê op die vaste koste per eenheid en die gelykbreekpunt.
VASTE KOSTE PER EENHEID: Wanneer meer eenhede geproduseer word, sal vaste koste per eenheid afneem. ✓✓ GELYKBREEKPUNT: As veranderlike koste vermeerder/verminder – gelykbreekpunt sal ook vermeerder of verminder. ✓✓	

4

45

VRAAG 3**3.1.1 Verduidelik waarom 'n besigheid elke jaar 'n Kontantbegroting moet opstel.**

Enige geldige antwoord ✓✓

Om te beplan vir toekomstige ontvangstes en betalings om seker te maak dat hulle genoeg kontant het.

Prioritisering – neem korrektiewe aksies om afwykings reg te stel

Moenie inkomstes en uitgawes aanvaar nie.

2

3.1.2 Bereken die verwagte ontvangstes van debiteure vir November 2019.

$$225\,000 \checkmark / 75\% \checkmark = 300\,000$$

$$300\,000 \times 25\% = 75\,000 \checkmark \times 95\% \checkmark = 71\,250 \checkmark$$

$$\text{OF } 75\,000 - 3\,750 = 71\,250$$

3 punte 1 punt 1 w/s punt

$$\text{OF } 225\,000 \times 25/75 \times 95\% = 71\,250$$

1 punt 2 punte 1 punt 1 w/s punt

5

3.1.3 Bereken die syfers soos aangedui deur A–E in die Kontantbegroting.

A	123 000 ✓
B	A + 45 000 = 168 000 ✓
C	158 245 – 390 000 = (231 755) ✓
D	Net soos B = 168 000 ✓
E	C + D = (63 755) ✓

5

3.1.4 Vanaf 1 November 2019 het die huurinkomste met 8% verhoog. Bereken die bedrag vir huurinkomste vir November 2019.

$$9\,000 \checkmark \times 1,08 \checkmark = 9\,720 \checkmark \text{ (een deel korrek)}$$

$$\text{OF } 9\,000 + 720 = 9\,720$$

3

3.1.5 Dink jy EmmaLee se kapitaalbydrae in November is genoeg om hierdie besigheid aan die gang te hou? Verskaf EEN rede, met syfers om jou antwoord te ondersteun.

Enige geldige verduideliking

Uitstekend = 3 punte ; Goed = 2 punte ; Bevredigend = 1 punt ; Verkeerd = 0 punte .

Nee, haar kapitaalbydrae is nie genoeg om hierdie besigheid aan die gang te hou nie. Alhoewel die bankrekening in November 'n surplus toon, oorskry die betalings die ontvangstes in Desember.

Verwys na 3.1.3 (C en E) hierbo en merk volgens kandidaat se antwoord.

3

3.1.6 Bereken die persentasie verhoging toegestaan aan die werkers vanaf 1 November 2019.

$$4\,200 \checkmark / 105\,000 \checkmark \times 100 = 4\% \checkmark \quad (\text{een deel korrek})$$

Dink jy die werkers sal tevrede met hierdie verhoging? Verduidelik kortliks wees.

Ja/Nee Enige geldige verduideliking $\checkmark\checkmark$

Nee, die verhoging is laer as die inflasiekoers / die besigheid kan liever 'n hoër verhoging gee as om geld in 'n vaste deposito te belê.

Ja, die besigheid se bankrekening is oortrokke. Hulle behoort dankbaar te wees dat daar wel 'n verhoging was.

5

3.1.7 As interne ouditeur ontdek jy dat die werklike voertuiguitgawes vir Desember 2019 R5 420 was. Verskaf TWEE punte wat jy in jou interne ouditeursverslag aan EmmaLee sal insluit.

TWEE geldige punte $\checkmark\checkmark \quad \checkmark\checkmark$

- Die werklike uitgawes oorskry die begrote bedrag – oorspandeer
- Dalk was daar 'n onverwagte verhoging in brandstofpryse en onderhoudkoste
- Die gebruik van die voertuie moet ondersoek word om seker te maak die voertuie word verantwoordelik gebruik (nie misbruik nie)
- EmmaLee moet toesien dat die voertuie gereeld gediens word om onverwagte herstelwerk te voorkom

4

3.1.8 Bereken die rente betaalbaar aan Oosbank in Desember 2019.

$$139\,500 \checkmark \times 80\% \checkmark = 111\,600 \times 11\% / 12 \checkmark = 1\,023 \checkmark$$

2 punte (een deel korrek)

Bereken die maandelikse terugbetalings van die kapitaalgedeelte van die lening, aan Oosbank.

$$111\,600 \checkmark / 36 \text{ maande } \checkmark = 3\,100 \checkmark \quad (\text{een deel korrek})$$

7

3.2.1

BATEVERKOPE

2019 Des	31	Voertuie ✓	130 000 ✓	2019 Des	31	Opgehoopte waardeverm- ing op voertuie ✓	58 000 ☒ bewerking
						Bank ✓	72 000 ✓
			130 000				130 000

6

3.2.2 Nota tot Balansstaat op 28 Februarie 2019

VASTE/TASBARE BATES	Grond en geboue	Voertuie	Toerusting
Drawaarde aan begin van jaar	1 350 000 ✓	330 000	435 000
Kosprys	1 350 000 ✓	900 000	615 000
Opgehoopte waardevermindering	0	(570 000)	(180 000) ✓
Bewegings:			
Toevoegings teen kosprys	230 000	306 000 ✓✓	300 000
Bateverkope teen drawaarde	0	(72 000)	0
Waardevermindering	0	(64 000)	(90 000) ☒ Bewerking
Drawaarde aan einde van jaar	1 580 000	500 000	645 000 ✓
Kosprys	1 580 000	1 076 000	915 000 ✓✓
Opgehoopte waardevermindering	0	(576 000) ✓	(270 000)

10

50

VRAAG 4: FINANSIËLE AANWYSERS EN BEDRYFSKAPITAAL

4.1.1	Bruto winspersentasie op koste van verkope (winsopslag %) Bruto wins = 1 212 000; Kostes van verkope = 4 242 000 – 1 212 000 = 3 030 000 $\text{Winsgrens \%} = \text{Bruto wins \%} = \frac{1\,212\,000}{3\,030\,000} \times \frac{100}{1} = 40\%$
4.1.2	Gemiddelde omsetsnelheid van voorraad $\frac{3\,030\,000}{\frac{1}{2}(368\,000 + 392\,000)} = \frac{3\,030\,000}{380\,000} = 8 \text{ keer}$
4.1.3	Debiteure-invorderingstermyn in dae $50\% \times 4\,242\,000 = 2\,121\,000$ $\frac{\frac{1}{2}(153\,800 + 156\,200)}{2\,121\,000} \times 365 = 26,7 \text{ dae or } 27 \text{ dae}$
4.2	Lewer kommentaar op die winsgewendheid van die besigheid vir hierdie finansiële jaar. Gee TWEE redes waarom hulle dalk nie hul beplande winsopslag van 50% bereik het nie. Enige twee • Krimping • Produkte is nie korrek gemerk nie • Diefstal • Te veel kortings word aangebied
4.3	Die boekhouer is tevrede dat die besigheid se likiditeit verbeter het en daar is geld om hul korttermynverpligtinge na te kom. Noem TWEE aanwysers, met syfers, om dit te bewys. Debiteure invorderingstermyn ✓ Debiteure betaal binne 27 dae ✓ Omsetsnelheid van voorraad ✓ Verkoop voorraad 8 keer per jaar (verlede jaar 6 keer) ✓

4

4

6

2

4

20

TOTAAL: 150